



Wes-Kaapse
Regering

KURRIKULUM VOO
AFRIKAANS HUISTAAL
LEERDERBOEK
TWEEDE KWARTAAL 2026



BACK ON TRACK PROGRAM
GRAAD 12

Lesse vir Kwartaal Twee (2)

Sessie	Onderwerpe
1	• Leesbegrip • Strokiesprente
2	• Gedig: 27 April 1994 (Opstelvraag) • Gedig: Dienaar van die nagereg (Kontekstuele vrae)
3	Taalstrukture en -konvensies

Harde werk bring sukses!



SESSIE 1: LEESBEGRIP

Inleiding

Sukkel jy dalk met Leesbegripvrae in die eksamen? Indien wel, is een van die onderstaande dalk die oorsaak:

- Jy **lees** te min of glad nie, of
- Jy verstaan nie die **teks** goed genoeg nie, of
- Jy verstaan nie die **vrae** nie, of
- Jy formuleer nie jou **antwoorde** korrek nie.

In hierdie les kry jy wenke oor hoe om die teks en die vrae deeglik te lees asook hoe om jou antwoorde korrek te formuleer.

Leesbegrip word in Vraag 1 (Afdeling A) van Vraestel 1 getoets. Die vraag tel **30 punte**. Vrae word oor twee tekste gestel: 'n **artikel** sowel as 'n **grafiese/visuele teks**. Die grafiese teks kan 'n spotprent of 'n grafiek wees. Daar sal 'n duidelike verband tussen die artikel en die grafiese teks wees: daar sal dus **ooreenkomste** en/of **verskille** tussen die artikel en die grafiese teks voorkom.

Wenk: raadpleeg en gebruik vorige **NSS-vraestelle** om te help in vaslegging en voorbereiding.

Hoe om die leesbegripteks (woordteks) te lees:

- **Vluglees** die teks om 'n breë oorsig oor die inhoud te kry:
 - Lees die **titel/opskrif** en **sub-opskrif** - dit werp lig op die inhoud en die doel van die teks.
 - Dis belangrik dat jy reeds hier al begin om **notas op die teks/ vraestel** te maak.
 - Lees dan die **inleidingsparagraaf**.
 - Lees daarna die **eerste sin** van elke daaropvolgende paragraaf. Dit bevat gewoonlik die **kern** van die paragraaf.
 - Lees die **slotparagraaf** – dit som dikwels die hoofidee/kernboodskap van die teks op.
- Lees daarna **elke paragraaf afsonderlik** deur en **skryf** elke keer in die **kantlyn** neer hoe die paragraaf by die titel aansluit (verbandlegging). **Jy lees dus met 'n potlood in die hand.**

- Lees die stuk **WEER** deur, omkring moeilike/vreemde woorde. Jy kan die betekenis probeer aflei:
 - deur die woord in **woorddele** te verdeel (Ja, jy kan jou kennis van Morfologie gebruik! (Kyk of jy die woord van agter af kan lees. Let op die stamme/basisvorm/woordaanpakvaardighede) of
 - deur die voorafgaande en die daaropvolgende sinne weer te lees. Jy kan dus die vreemde woord se betekenis uit die **konteks** aflei.
 - ✓ Let op die konteks van die leesstuk.
 - ✓ Woorde se betekenis moenie los staan van die teks nie.

Wenk: lees gereeld deur die **woordeboek** om jou woordeskat uit te brei en kennis oor woordbetekenis te verbreed. Jy kan 'n **woordeboektoep** aflaai dan is dit sommerklik naby.

NOG 'N MOONTLIKE LEESTEGNIEK:

- A.**
1. Lees die opskrif.
 2. Vra die volgende TWEE vrae (Waaroor handel die opskrif? Wat weet ek daarvan?)
 3. Lees die eerste sin van paragraaf 1 (Dit is gewoonlik die kerngedagte van die paragraaf).
 4. Vind die skakel tussen die eerste sin van paragraaf 1 en die opskrif.
 5. Vra die vraag: "Waarom dink ek?" (As jou antwoord skakel met die teks, lees dan die eerste sin van paragraaf 2). Indien jou antwoord nie met die teks skakel nie, moet jy die proses (3, 4 en 5) herhaal.
- REDE:** Indien jy verder lees en dit waaraan jy dink, skakel nie met die teks nie, gaan jy nie weet waarom die teks handel nie.
6. Herhaal stappe 3, 4 en 5 (lees eerste sin van paragraaf 2, ens.)
- B.**
1. Lees ALLE vrae, want dan weet jy wat jy moet SOEK (Moet nog nie die vrae beantwoord nie, want jy het nog nie die hele teks gelees nie).
 2. Lees die hele teks en DUI MOONTLIKE ANTWOORDE MET JOU POTLOOD AAN.
 3. Beantwoord die vrae.

Hieronder is 'n aanduiding van hoe 'n leesteks behoort te lyk nadat dit "met 'n potlood" gelees is. Die artikel wat in die Mei-Junie 2021-vraestel verskyn het, is vir hierdie oefening gebruik. Jy sal opmerk dat die paragrawe en reëls soms baie wyd versprei is. Dit is gedoen sodat die kantaantekeninge ingevoeg kon word – die oorspronklike teks het beslis nie so gelyk nie!

Wenk: gebruik die leestegnieke in alle **FAT'e** (Formele Assesseringstake); **Vraestel 1, 2 en 3.**

asterisk: woord word
onderaan verklaar; 'n
golf van hoop; baie
hoop

'N TSOENAMI* VAN HOOP

(a)

(b)

Negatiewe 1.
uitsprake;
die
uitwerking
en gevolge
daarvan

Suid-Afrika steier deesdae vuusvoos onder die baie negatiewe uitsprake oor ons land se toekoms. Volgens Mercy Kannemeyer beïnvloed dit landsburgers. Sulke negatiewe uitsprake

(c)

laat 'n gevoel van hooploosheid onder landsburgers posvat. Dit versterk ook die gevoel van vasgevangenskap onder ons mense. Ondanks laasgenoemde is daar steeds Suid-Afrikaners

(d)

wat besluit het om nie in die buiteland na groener weivelde te gaan soek nie.

steier= dreig om te val; kry swaar (b) vuusvoos = baie geslaan, kan nie meer slaan
verduur nie
hooploosheid = sonder hoop; teenoorgestelde van hoop in opskrif

(e)

Terwyl baie mense niks beters het om oor te gesels as die moontlikheid om te emigreer ter wille van 'n beter lewe nie, het 'n Kaapstadse sakeman, Jarette Petzer, 'n Facebookgroep met die

(f)

(g)

hutsmerk #ImStaying gestig. Die doel was om eendersdenkende Suid-Afrikaners saam te snoer.

Verder moes dit hulle die geleentheid bied om negatiewe menings oor Suid-Afrika te verander.

Dit moes ook 'n gevoel van lojaliteit teenoor en hoop vir Suid-Afrika laat posvat.

emigreer = om na 'n ander land te trek (f) eendersdenkende = eenders + dink = mense
wat dieselfde dink (g) saam te snoer: snoer is 'n string krale; saam te snoer = saam te voeg/
aaneen te skakel; aan mekaar te verbind

(h)

Die #ImStaying-projek se benadering is om die pessimiste deur ander mense se positiewe ervarings te inspireer. Hopelik sou hulle dan nie Suid-Afrika sommer so vir die buiteland verruil nie. Hulle sal dit eers goed deurdink. Die boodskap moet wees: "Hokaai, stop! Wegvlug is nie

(i)

die oplossing nie. Dink objektief voordat jy besluit om te waai." En binne minder as 'n maand staan byna 'n halfmiljoen Suid-Afrikaners in hierdie groep saam en sê: "Ek bly."

(h) pessimiste = mense wat altyd die negatiewe kant raaksien; teenoorgestelde van optimiste; sluit aan by "negatiewe uitsprake" in par. 1 (i) objektief = om alle feite in ag te neem; om faktore anders as jou eie belang in ag te neem; om nie net jou siening te erken nie; teenoorgestelde van "subjektief"

Doel van 2.
#ImStaying:
saamsnoer;
negatiewe
menings
verander;
lojaliteit

"verder moes
dit" en "Dit
moes ook" =
doel van
#ImStaying

Wat die 3.
#ImStaying
groep doen
en die
uitwerking
daarvan

4. "Die inspirasie wat uit die #ImStaying-veldtog se duisende ^(j) hartverblydende ^(k) plasinge gevloei ^(l) het, het my opnuut gemotiveer om ten alle koste die negatiewe sienings oor my land te probeer verander," sê Thabo Selepe van Shosanguve in sy #ImStaying-Facebookplasing. Hy is in die middernagtlike ure iewers tussen niks en nêrens deur 'n wildvreemde barmhartige Samaritaan gehelp nadat sy motor sonder brandstof gaan staan het. "Ek is trots om uiteindelik deel te wees van landsburgers van verskillende ras- en kultuurgroepe. Hulle reik na mekaar uit om só 'n opwindende nuwe era van nasiebou uit te brei." Shren Chettier van Potchefstroom vertel: "Ek het onlangs tydens 'n rit na Pretoria siek geword. My herstel is te danke aan Frans Moheilwa, 'n motorwag van Krugersdorp, wat my vrou spontaan gehelp het om my betyds by die hospitaal te kry. Gewoon omdat hy 'n landsburger in nood herken en instinktief opgetree het."

5. Ten spyte van die getuienis op die vorige bladsy dat Suid-Afrika nie net met ernstige probleme worstel nie, is daar ongelukkig reeds – soos verwag – 'n teenreaksie van 'n groepie hooploses.

(n) = hoop+loos = mense sonder hoop

Getuienis
van
SA'ners
wat
mekaar
help

Hulle is mense wat ^(o) rampspoed voorspel. Verder wil hulle die #ImStaying-Facebookprojek, wat tans die grootste toename in ledetal onder Suid-Afrikaanse Facebookgroepe het, in onguns ^(p) bring. Hulle sien alle pogings van ekonome om die land reg te ruk as onindrukwekkend.

6. 'n Vinnige berekening bevestig hoe ver hierdie ^(q) skeptikusse ^(r) die kat aan die stert beet het. Navorsingsresultate van die NOBG (Nasionale Ondersteunings-bewusmakingsgroep) dui daarop dat #ImStaying se ledetal tans 5,16 keer meer is as die aantal sitplekke (94 700) in die grootste sportstadion in Suid-Afrika. En dít slegs minder as 'n maand nadat die eerste kommentaar op die #ImStaying-Facebookblad geplaas is. Verder, indien #ImStaying as 'n politieke party sou kon registreer, sou dit die vyfde grootste party in ons parlement gewees het. En as dit moontlik was om #Imstaying as 'n onafhanklike land erken te kry, sou dit volgens "bevolkingsgetalle" 175ste op die wêreldranglys (net groter as Malta) gewees het
7. Bogenoemde statistiek wys dit duidelik: die #ImStaying-projek het Suid-Afrikaners soos 'n storm getref. Mercy Kannemeyer skryf op Maroela Media dat #ImStaying presies is wat Suid-Afrika tans nodig het. "In hierdie tyd van onluste, geweld, onenigheid en verdeeldheid moet Suid-Afrikaners gereeld daaraan herinner word: die mooi en die goeie bestaan ook hier." Imram Naidoo pleit op Facebook: " 'n Projek om mense bymekaar te bring (hoe onvolmaak dit ook mag wees), verdien ondersteuning. Jarette Petzer, ek hóú van die entoesiasme en die

positiewe verhale. #ImStaying versprei die gees van ubuntu** wat ons as nasie nodig het. Wat egter 'n jammerte is," skryf hy, "is dat dit enigsins nodig was om so 'n groep te skep. Wat sê dit van ons as Suid-Afrikaners?"

8. In reaksie hierop sê Petzer: "Ja, die #ImStaying-inisiatief is beslis nie volmaak nie. Ons gaan verséker aan die begin foute maak en op mense se tone trap, maar ek dink ons slaag ten minste in ons doel om vir Suid-Afrikaners genoeg redes te gee waarom hulle twee keer behoort te dink voordat hulle hierdie mooi land vol geleenthede sommer wil verlaat. Ons veroordeel egter nie diegene wat kies om die land te verlaat nie, want die realiteit vir baie mense is dat daar elders beter geleenthede is."

om die positiewe kant raak te sien

9. Dit bly belangrik om aktief na redes vir optimisme te soek en dit wyd en syd bekend te maak. Dit beteken nie dat ons blind moet wees vir die groot uitdagings waarmee ons land gekonfronteer word nie, maar #ImStaying pleit: Veg saam met ons vir 'n blink toekoms, vir al ons mense. Hooploosheid gaan ons nêrens bring nie.

*tsoenami – hoë, uitgestrekte getygolf/seegolf veroorsaak deur 'n aardbewing of ander steurnis onder die water

**ubuntu – lewensingesteldheid van medemenslikheid, hulpvaardigheid en barmhartigheid

[Verwerk uit Vrouekeur, 22 November 2019 en <https://maroelamedia.co.za/4/10/2019>]

Het jy opgemerk hoe die bostaande leesstuk “met 'n potlood” gelees is?

- i. Die titel is verklaar as “'n golf van hoop”.
- ii. Links van elke paragraaf is die inhoud van daardie paragraaf saamgevat.
- iii. Moeilike woorde en uitdrukkings {genommer van (a) tot (r)}, is verklaar. “hooploosheid” (c); en “hartverblydende” (j) is byvoorbeeld in woorddele verdeel om die betekenis te bepaal.
- iv. Die name van mense wat belangrike standpunte huldig of getuienis lewer, is onderstreep.

Oefen nou om die onderstaande kort leesstuk “met 'n potlood” te lees.

Covid-19 mokerhou vir ons jeug

1. Die “Klas van 2020”. Hulle het binne 'n oogwink meer inligting tot hul beskikking as waarvan hul ouers op hul ouderdom kon droom. Dit het sy voordele, maar stel ook uitdagings. Daarby erf hulle 'n siek aarde saam met die talle ander probleme waarmee ons op die ondermaanse worstel. Toe kom Covid-19 boonop net vóór hulle hul volgende treetjie die wye wêreld in moet gee.
2. Wanneer dit by die pandemie se sosiale en ekonomiese mokerhoue kom, is tieners/jong volwassenes waarskynlik nog meer weerloos as enige ander ouderdomsgroep.
3. “Sommige pas beter aan as ander,” sê Zay-Dee Mentoer, 'n tweedejaarregstudent aan die Noordwes-universiteit. “Van ons is kwaad, ander angstig, en glo dit of nie, sommige het nuwe perspektief op die lewe gekry en is opgewonde om die post-pandemiewêreld aan te pak.”
4. Die Amerikaanse koerant The Atlantic (atlantic.com) verklaar: “Generasie C het nêrens om heen te gaan nie.” Generasie C is nie net babas wat in die post-corona-era gebore word nie, maar ook skoolkinders, studente en dié in hul eerste werk. Dis hulle wie se loopbaan en sosiale lewe die grootste gevaar loop om te ontspoor.
5. Die verlies aan 'n sosiale lewe is vir tieners 'n dilemma. Sosiale isolasie maak hulle vatbaarder vir angs en depressie. “Hulle is tegnologies vaardiger as hul ouers en gewoond om só te kuier. Tog mis hulle die fisieke interaksie met vriende.”

[Verwerk uit: **Sarie, 1 Oktober 2020**]

Hoe om die visuele teks (TEKS B – spotprent of grafiek) te lees en kyk:

- Wat is die inhoud van die visuele teks?
- Indien daar mense in die teks voorkom, wat doen hulle/wat is hulle funksie/waar bevind die mense hulle/ hoe lyk hulle gesigsuitdrukkings en liggaamstaal?
- Let op na die lettertipes en -grootte
- Bring die woorde in die visuele teks en in verband met die grafika in die visuele teks
- Probeer om verbande tussen Teks B se woorde/ begrippe/ beelde en die temas/ hoofgedagtes in Teks A te lê.

lees meer

Hoe om die leesbegripvrae te lees

- Lees die vrae en **ondersteep** die **sleutelwoorde**.
- Vergelyk die sleutelwoorde van die vrae met die kantnotas wat jy by elke paragraaf gemaak het. Indien die sleutelwoorde en die kantnotas ooreenstem, sal die antwoord op die spesifieke vraag heel moontlik in daardie paragraaf voorkom.
- Let op vrae wat uit twee of meer dele bestaan. Jy moet **alle dele** in die regte volgorde beantwoord, anders **verbeur** jy punte/**kry jy nie** punte nie.
- Onderstreep die antwoorde in jou leesstuk en nommer dit dieselfde as die vrae.
- Formuleer nou jou finale antwoord en skryf dit neer.

Kyk hieronder hoe sommige leesbegripvrae uit die Mei-Junie 2021-vraestel "gelees" is:

1.1 Herlees reël 1 en 2 van paragraaf 1.

Gee EEN woord wat 'n beeld skep van hoe swaar Suid-Afrika onder negatiewe uitsprake deurloop. **(par. 1)**

Skryf nog 'n woord wat aandui dat ons land eintlik nie meer sulke uitsprake kan verduur nie. **(par. 1)** (2)

1.2 Die baie negatiewe uitsprake oor Suid-Afrika het emosionele gevolge vir landsburgers wat hulle dan noodsaak om 'n spesifieke besluit te neem.

Gee die TWEE emosionele gevolge **(par. 1, sin 3 & 4)** (2)

asook die besluit wat landsburgers hiervolgens neem. **(par. 1, sin 5)** (1)

1.5 Herlees Thabo Selepe se plasing op die #ImStaying-Facebookblad in reëls 19 tot 21.

1.5.1 Hoe ondersteun sy plasing die benaderingswyse van hierdie blad? **(par. 3 & 4)** (1)

1.5.2 Watter negatiewe siening oor Suid-Afrika kan moontlik deur hierdie plasing verander? **(afleiding uit par. 4)** (1)

1.8 Kritici sê dat die #ImStaying-projek hulle nie beïndruk nie (paragraaf 5). Watter resultate van die NOBG-navorsing bewys dat die #ImStaying-projek eintlik indrukwekkend is? **(par. 6, sin 2, 4 & 5)** (3)

1.12 Gee 'n gepaste antwoord op Naidoo se retoriese vraag in die laaste sin van paragraaf 7. **(eie mening, gebaseer op par. 7)** (1)

Woordeskat in leesbegripvrae

Om 'n leesbegripvraag te beantwoord, moet jy die vraag verstaan. Daar is verskillende vraagwoorde wat op 'n spesifieke manier beantwoord moet word. Hier volg 'n **lys van vraagwoorde** en watter soort antwoord by elkeen pas.

VRAAGWOORD	BEANTWOORD VRAAG SO...
Wat bedoel sy as sy/hy ... sê ...? Wat word bedoel met die volgende stelling ...?	Gee 'n beskrywing / interpretasie.
Wat dink jy ...? Motiveer.	Gee jou eie mening / opinie en motiveer (motivering verdien die punt).
Hoe weet jy dat ...?	Bewys uit die teks , maar in jou eie woorde, tensy daar vir 'n aanhaling gevra word.
Wat beteken ...?	Gee 'n verduideliking .
Sê of die volgende waar of onwaar/vals is en motiveer.	Kies een, skryf neer en motiveer (motivering verdien die punt). Antwoord Ja/Nee en motiveer
Noem drie verskille/ gee die verskil / hoe verskil sy mening van die skrywer s'n?	Noem elke keer 2 dinge : die een is so, terwyl die ander ...
Waarom is dit ironies /Wat is ironies aan ...?	Noem twee dinge : wat jy verwag teenoor dit wat eintlik plaasvind / gesê word....
Wat word geïmpliseer deur die .../ deur haar woorde/optrede?	Wat kan jy aflei wat nie eksplisiet gesê word nie. LET OP DAT JY HIER NIE DIE DIREKTE WOORDE UIT DIE TEKS MOET GEBRUIK NIE, WANT DAN IS DIT NIE MEER GEÏMPLISEER NIE.
Wat is die houding van die skrywer/ persoon in die artikel?	Druk gewoonlik 'n gevoel uit: afkeer, nie ten gunste, gekant teen ... Verskaf rede.
Is die woorde/stelling 'n feit of mening? Motiveer.	Kies een en motiveer. Die motivering verdien die punt. Onthou dis slegs 'n feit as dit op navorsing/ direkte getuigenis van gebeure gebaseer is.
Hoekom is die stelling/ optrede geloofwaardig?	Gee bewyse uit die teks bv. statistiek, die kundigheid van die persoon wat die stelling maak.
Stem jy saam met die skrywer/skrywer se houding/ woorde/standpunt? Motiveer.	Antwoord die vraag JA/NEE en motiveer dan jou keuse. Jou motivering moet pas by jou keuse. Onthou dis jou eie mening wat hier vereis word en is as sulks altyd korrek, mits jy dit voldoende motiveer. Die motivering verdien die punt.
Lewer kommentaar/Lewer kritiese kommentaar...	Druk jou mening uit deur te bewys hoe goed/sleg/negatief/positief ...beoordeel dus die inligting en kom tot 'n gevolgtrekking ...(daarom sê/voel ek dat ...)

Beoordeel / evalueer	Gee 'n idee van iets se waarde – sê of dit goed/ sleg/ negatief/ positief/ onsuksesvol is en gee bewyse.
----------------------	--

Oefening: Kernwoorde wat in Leesbegripvrae voorkom

Skryf in die "BETEKENIS"-kolom neer wat die woord in die "KERNWOORDE"-kolom beteken en hoe so 'n vraag beantwoord moet word.

	KONSEP	BETEKENIS
1.	Verskil	
2.	Ooreenkoms	
3.	Skakeling	
4.	Verbandlegging	
5.	Geloofwaardigheid	
6.	Ironie	
7.	Geïmpliseerde betekenis	
8.	Visuele bewys	
9.	Opeenvolgende woorde	
10.	Een woord	
11.	Volsin	
12.	Aanhaling	
13.	Sinsnede / Frase	
14.	Volgorde (Stapelvrae)	
15.	Opinie	
16.	Motiveer	
17.	Feite	
18.	Mening	
19.	Letterlik (Denotasie)	
20.	Figuurlik (Konnotasie)	
21.	Teenstrydigheid	
22.	Wanpersepsie	

Wenke by die beantwoording van leesbegripvrae

- Volg die **instruksie** soos by elke vraag aangedui (slegs 'n woord, opeenvolgende woorde, aanhaling, ens.)
- Maak seker dat jy die **kernwoorde in vrae verstaan** en jou antwoorde daarop baseer.
- Laat 'n reël oop indien jy 'n sekere gedeelte van 'n vraag nie beantwoord het nie. **Wenk:** beantwoord **alle vrae volledig** – gebruik die **puntetoekenning**.
- Jy het ongeveer **50 minute** om Vraag 1 (Leesbegrip) te beantwoord. Bestuur jou tyd doeltreffend sodat jy alle onderafdelings kan beantwoord.
- Kyk **hoeveel punte** 'n vraag tel sodat jy weet hoeveel **inligting/feite** jy moet gee.
- Al lú die vraag **“Waarom dink jy ...?”**, moet die vraag **steeds binne konteks van die leesstuk beantwoord word**.
- Alle antwoorde wat aangebied word, moet met die **inhoud van die**

teks (of spesifieke paragraaf) verband hou.

- Waar **verskille/ ironie** gevra word, moet jy **beide kante van die saak** in die antwoord aanbied. Die sleutelwoord by ironie is “**maar**” (**Dit word verwag, maar die teenoorgestelde gebeur ...**)

Oefening

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae.

TEKS A: Artikel

Mindfulness*: van gonswoord tot skoolvak

- 1 Mindfulness. Dis tans die gróót gonswoord. Dit bied 'n oplossing vir ons gejaagdheid. Dis ook 'n teenvoeter vir ons nuutste kwaal: digitale uibranding.
- 2 Dit het die wêreld aan die praat.
- 3 Artikels hieroor verskyn gereeld in onder meer The New York Times, The Huffington Post en National Geographic. Die nuustydskrif TIME het verlede jaar 'n voorblad-artikel, “The Mindfulness Revolution”, gehad.
- 4 By Google, 'n maatskappy bekend daarvoor dat hy uit die boks dink, leer werknemers dit as deel van 'n “ondersoek-jouself”-kursus. Dis 'n nuutjie by styweboordjie, tradisionele Britse instellings. Britse parlamentslede en ook werknemers by die Bank van Engeland doen kursusse daarin.
- 5 Nou gaan Mindfulness by tot 370 skole in Engeland as vak ingevoer word as deel van 'n projek om die psigiese gesondheid van leerders te probeer verbeter, het die Britse regering onlangs aangekondig. Dit behels dat dié kinders in skooltyd ontspanningstegnieke, asemhalingsoefeninge en ander metodes sal aanleer om hulle “hul emosies te help reguleer”, lui die verklaring wat deur die Britse owerheid uitgereik is.
- 6 “Mindfulness” is 'n eenvoudige tegniek om die huidige oomblik (nóú) meer bewustelik, met deernis en nuuskierigheid te benader. Sodat jy minder verstrengel raak in dinge wat in die verlede gebeur het, of wat dalk in die toekoms kan gebeur.
- 7 Om jou gedagte-maalkolk te tem is nie maklik nie, sê Casper Oelofsen van *Mindful Leadership*, 'n maatskappy wat korporatiewe kursusse in mindfulness aanbied. Mindfulness is nie 'n gewoonte nie. Jy moet dit oefen, dit kweek.
- 8 In die 21ste eeu met sy stres en sosiale en tegnologiese uitdagings word groter eise aan die jeug gestel as aan vorige generasies, glo sommige kenners. Die beoefening

van mindfulness kan moontlik help keer dat kinders oorweldig voel, glo dié kenners. Dit verbeter boonop konsentrasie en kan met leerprobleme help.

- 9 Ook in 'n handvol Suid-Afrikaanse skole het kinders al met mindfulness kennisgemaak danksy 'n projek van die nieregeringsorganisasie Wellbeing in Schools and Education (WISE).

- 10 "Ons bied slypskole aan vir opvoeders en vir volwassenes wat kinders grootmaak, en opleiding in mindfulness vorm deel daarvan," sê dr. Carol Surya, 'n medestigter van WISE en sielkundige van Plettenbergbaai.

- 11 Mindfulness vir kinders gaan daaroor dat hulle leer hoe om bewus te wees van wat hulle op daardie spesifieke oomblik voel, verduidelik dr. Arina Fourie, 'n kindersielkundige van Kaapstad.

- 12 "As 'n kind byvoorbeeld angstig is oor die eksamen wat hy moet skryf, moet hy mindful raak oor wat hy beleef sodat hy dan kan bepaal hoe hy daarop gaan reageer. Dit is hoe jy die brein leer om situasies anders te hanteer."

- 13 En dis nie sommer net trooswoordjies nie – dis wetenskap. Navorsers soos dr. Dan Siegal, 'n Amerikaanse professor in kliniese psigiatrie, het bevind mindfulness kan nuwe neurologiese paadjies in die brein laat vorm.

- 14 "Mindfulness het die vermoë om amper 'n soort brug te bou tussen die deel in jou brein wat jou emosies beheer en die deel waar jou gedagtes gesetel is," verduidelik Surya. "Die brein verkeer dan in 'n beter toestand om situasies te hanteer ples daarvan om daardeur oorweldig te word."

- 15 Mindfulness kan ook met dissipline in die klaskamer help. "Daar word altyd vir kinders gesê om stil te sit, te kalmeer of op te hou kiewel. Maar niemand wys ooit vir hulle hoe om dit te doen nie," sê Jeanne Welsh, 'n Suid-Afrikaanse mindfulnesspraktisyn wat by skole in die buiteland as afrigter hierin werk.

- 16 Wanneer Carol met kinders werk, verduidelik sy aan hulle die waarde van mindfulness deur die liggaam se senuweestelsel met 'n motor se brandstofpedaal en remme te vergelyk.

- 17 Sy verduidelik jy trap die "brandstofpedaal" wanneer jy onder stres verkeer en gereed maak vir aksie. Dit help jou om te fokus en op te tree.

- 18 Gewoonlik sal jou liggaam ná die tyd natuurlik "rem aanslaan" deur daardie deel van jou senuweestelsel te aktiveer wat jou laat ontspan. Kinders kan leer hoe om self die "rempedaal" te trap as hulle mindfulness met behulp van speletjies of tegnieke leer beoefen.

In die storm-en-drang-jare kan mindfulness tieners help om koelkop te bly.

19

"As mindfulness 'n pil was, het dokters dit voorgeskryf," sê Casper.

20

* In Afrikaans was daar al pogings om die woord te vertaal – onder meer met "aandagtigheid" en "bewustheid" – maar die woord mindfulness word algemeen gebruik.

[Verwerk uit: **Sarie**, 1 Maart 2015 & 14 September 2017 en **Huisgenoot**, 22 Februarie 2019]

EN

TEKS B: SPOTPRENT



[Bron: **Volksblad**, 11 Januarie 2018]

VRAE: TEKS A

- 1.1. Herlees die **opskrif** en die **voetnota** onderaan die teks. Wat dink jy is die rede vir die plasing van die voetnota? (1)
(Eksamenwenk: Jy moet die opskrif en die voetnota weer lees.)
- 1.2. Gee die **woord** in **paragraaf 1** wat by die **sin** in **paragraaf 2** aansluit. (1)
(Eksamenwenk: In die eksamen kan die vraag ook só geformuleer word: Gee die woord in paragraaf 1 wat die sin in paragraaf 2 ondersteun. In albei gevalle moet jy 'n woord uit paragraaf 1 neerskryf wat dieselfde betekenis as die sin in paragraaf 2 oordra.)
- 1.3. Watter **twee probleme** van die **moderne samelewing** kan volgens die artikel deur **mindfulness opgelos** word? (2)
- 1.4. Watter **bewys** is daar volgens **paragraaf 3** dat mindfulness “die wêreld aan die praat” het? Skryf **een sin** in jou **eie woorde** as antwoord neer. (1)
(Eksamenwenk: Hierdie vraag sluit aan by vraag 1.2, aangesien paragraaf 3 'n uitbreiding op paragraaf 2 is.)
- 1.5. Watter **bewys** is daar in die leesstuk (**paragraaf 4**) dat mindfulness deur **uiteenlopende groepe** toegepas word? (2)
(Eksamenwenk: “uiteenlopende” beteken “verskillende” In plaas van “uiteenlopende” kon die eksaminator ook “diverse” gebruik het – die woorde is sinonieme.)
- 1.6. Wat is die **uiteindelike oogmerk** met die invoer van Mindfulness as 'n **skoolvak** in Britse skole? (1)
(Eksamenwenk: “oogmerk” beteken “doel”)
- 1.7. In watter opsig **weerspreek** Casper Oelofsen se uitspraak in **paragraaf 7** die inligting wat in **paragraaf 6** gegee word? (2)
(Eksamenwenk: Om te weerspreek beteken om die teenoorgestelde te sê.)
- 1.8. Verklaar “**gedagte-maalkolk**” (paragraaf 7) deur na die inligting in paragraaf 6 te verwys. (2)
- 1.9. Waarom het die **hedendaagse jeug opleiding** in mindfulness nodig, terwyl dit nie vir vorige geslagte nodig was nie? (2)
(Eksamenwenk: Hierdie vraag vereis dat jy die inligting wat in paragraaf 8 staan op 'n ander manier moet weergee.)
- 1.10. “Die beoefening van mindfulness kan moontlik help keer dat kinders oorweldig voel, glo dié kenners.” (Paragraaf 8)
Is die stelling hierbo 'n **feit**? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.11. Wat is die **verskil** tussen die Suid-Afrikaanse en Britse benadering ten opsigte van mindfulness? (2)
(Eksamenwenk: Hierdie vraag vereis dat jy die inligting in **paragraaf 5** en **paragraaf 11** met mekaar vergelyk.)
- 1.12. Hoe kan mindfulness met **dissipline** in skole help? (2)
- 1.13. Herlees paragraaf 12 en 14.
Watter **ooreenstemmende sienswyse** huldig Fourie en Surya ten opsigte van die brein? Kan hul uitsprake as geloofwaardig beskou word?

Motiveer jou antwoord. (2)
(Eksamenwenk: "ooreenstemmende" beteken "dieselfde". Hierdie vraag bestaan uit drie dele. Nommer die drie dele en beantwoord elke deel in 'n afsonderlike reël.)

- 1.14. Watter **vergelyking** gebruik Carol Surya om die waarde van mindfulness aan kinders te verduidelik? Dink jy hierdie vergelyking is **geslaagd**?
 Motiveer jou antwoord. (3)
(Eksamenwenk: Hierdie vraag bestaan uit drie dele. Nommer die drie dele en beantwoord elke deel in 'n afsonderlike reël.)
- 1.15. Watter **afleiding** kan 'n mens uit Capser Oelofsen se slotuitspraak (paragraaf 20) maak? (1)

VRAE: TEKS B

- 1.16. Watter **visuele leidraad** in **TEKS B** dui daarop dat Marie se vriendin **verbaas** is oor Marie se aankope?
(Eksamenwenk: Watter liggaamstaal/ gesigsuitdrukking, wat verbasing aandui, sien jy?) (1)
- 1.17. Wat het, volgens **SPRAAKBORREL 2**, aanleiding tot Marie se **optrede** gegee? (1)

VRAAG: TEKS A EN TEKS B

- 1.18. Wat is die **VERSKIL** en die **OOREENKOMS** tussen **Teks B** en **paragraaf 8** van **Teks A**? (3)
(Eksamenwenk: Sorg dat die struktuur van jou antwoord korrek is: Gee eers die verskil tussen Teks B en paragraaf 8 van Teks A en daarna gee jy die ooreenkoms tussen Teks B en paragraaf 8 van Teks A.)

[30]

SESSIE 1: STROKIESPRENTE

Inleiding:

Strokiesprente word in Vraag 4 van Vraestel 1 getoets. Vrae kan oor een of meer strokiesprente gestel word.


Die vraag tel 10 punte, wat soos volg verdeel word:

- 8 punte vir Kritiese taalbewustheid en Oorredingstegnieke en
- 2 punte vir Woordeskatonwikkeling en taalgebruik OF vir 2 punte vir Sinstrukture en die organisering van tekste.


Strokiesprente word geskep om 'n kort storie deur middel van **visuele en verbale inligting** in raampies oor te dra. Die **verbale** verwys na die woorde en die **visuele** verwys onder ander na simbole, prente, ens.. Strokiesprente handel oor **humor of vermaak en soms word 'n ernstige boodskap** oorgedra.

Jy sal dus **afleidings uit die visuele en verbale inligting** moet kan maak. Jy moet ook kan aandui hoe die **verbale die visuele inligting ondersteun**. **Gesigsuitdrukking en lyftaal of liggaamshouding asook woorde verklar baie oor 'n karakter se gemoedstoestand**. Is die persoon kwaad, gelukkig, opgewonde of byvoorbeeld geïrriteerd?

Die onderstaande diagram gee 'n kort samevatting van die werking van 'n strokiesprent:



Wat jy moet kan doen!



LEEROOMBLIK**ONTLEED**

Wat sien jy?

Bestudeer die hele strokiesprent – alle detail is belangrik.

Wat is die situasie/ konteks?

Watter liggaamstaal en -houding sien jy raak?

Kritiese taalbewustheid in strokiesprente:

Word gebruik om jou te leer om krities na die karakters en die boodskap van die strokie te kyk. Teen hierdie tyd het jy sekerlik al baie oor Kritiese Taalbewustheid (KTB) geleer. Maak seker dat jy die onderstaande KTB-konsepte verstaan en kan uitken:

- feite en menings
- denotatiewe en konnotatiewe betekenis
- direkte en geïmpliseerde betekenis

- sosio-politieke en kulturele agtergrond van teks en outeur
- die invloed wat seleksie en weglating op betekenis het
- verhouding tussen taal en mag
- gevoelstaal en manipulerende taal
- partydigheid, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering
- taalvariëteite, afleidings, aannames, argumente
- doel met die insluiting of uitsluiting van inligting

Twee van die **KTB-konsepte** word hieronder verduidelik:

- **Die verhouding tussen taal en mag:**

Strokiesprente handel oor mense (karakters) en hul verhoudings, waardes en houdings. Taal word soms in strokiesprente gebruik om magsverhoudings uit te druk, byvoorbeeld in die dialoog tussen 'n ouer en 'n kind.

Let in die onderstaande raam op hoe *Hägar die Verskriklike* deur sy taalgebruik (en liggaamstaal) aandui dat hy 'n magsposisie beklee:



Let veral op:

- die aanspreekvorm “Manne” is soortgelyk aan “manskappe” wat verwys na soldate van die laagste rang.
- die woorde “ons gaan” impliseer 'n opdrag wat nie bevraagteken kan word nie.
- die woorde “wil ek hê” impliseer dat Hägar in beheer is; die manskap moet doen wat hy wil hê.
- Hägar hou sy vinger in die lug; sodoende toon sy liggaamstaal ook dat hy in 'n magsposisie verkeer.

Die magsverhouding tussen Hägar en die manne word in hierdie raam visueel ondersteun deur die feit al die manne se aandag op hom gevestig is; sommige kyk selfs grootoog na hom.

• **Taalvariëteite:**

'n Taal kan op verskillende maniere deur haar sprekers gebruik word. Hulle kan verskillende woorde/uitdrukkings gebruik wanneer hulle skryf of praat. Variëteite verwys dus na verskillende vorme van 'n taal. Voorbeelde van variëteite in Afrikaans is Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Standaardafrikaans.

Ander variëteite van 'n taal is dialekte, groeptaal (byvoorbeeld die taal van tieners, vissers of fabriekswerkers) en sleng. Sleng is informele taal wat dikwels deur 'n groep mense soos tieners gebruik word. Hulle gebruik woorde soos "tjom/tjomma/tjommie", "pel/pelle" en "swot". Informele taalgebruik dui gewoonlik op vriendelikheid en geselligheid.

Die woordeskat van strokiesprente:

Jy moet die onderstaande "woordeskat" ten opsigte van strokiesprente verstaan:


- raampie/raam
- simbole (bv. zzzz of ??)
- spraakborrels/-ballonne
- gedagteborrels en stippellyne
- visuele en verbale inligting
- lettertipe en lettergrootte
- bewegingslyne/aksielyne
- stofkolomme/stofwolke
- gesigsuitdrukking
- plasing

Onthou jy nog die volgende?

- Ronde borrels word **spraakborrels** genoem en dui dialoog aan:



- Reghoekige borrels verskaf **inligting, agtergrond** of **beskrywings**:



- 'n **Gedagteborrel** word dikwels met 'n **stippellyn** aan die karakter verbind:



- **Lettertipe** en **lettergrootte**: Groter en donkerder letters word dikwels vir **beklemtoning** gebruik.
- **Beweging** word dikwels met **bewegingslyne/ aksielyne** of **stofkolomme/stofwolke** aangedui.

Hoe om 'n strokiesprent te bestudeer

Wanneer jy 'n strokiesprent bestudeer, moet jy dit ontleed, interpreteer, evalueer en dan daarop reageer deur jou bevindinge as antwoorde op vrae neer te skryf.

By die **ontleding** van 'n strokiesprent, moet jy op die volgende let:

- die hele strokiesprent – alle detail is belangrik.
- die situasie/ konteks
- die karakter(s)
- die karakters se liggaamstaal (gesigsuitdrukking, gebare, liggaamshouding)
- die verhouding tussen die karakters
- verband tussen taal en die visuele
- die woorde/ taal wat die karakters gebruik
- die beelde/ simbole wat voorkom
- die aspekte van kritiese taalbewustheid
- die gebruik van hoofletters
- stiltes/ leë gedagteborrels
- leestekens
- waardes en houdings wat uit die karakters se liggaamstaal, optrede en woorde afgelei kan word

TEKS A: Kyk hieronder hoe die onderstaande strokiesprent oor LOUIS DIE LAEVELD LEEU "bestudeer" is.

Agtergrond: Leeu en Bobbejaan gesels oor Bobbejaan se skoonma.



Ontleding en interpretasie:

- Raampie 1:** Bobbejaan klink asof hy altyd **respekvol** teenoor sy **skoonma** optree. Bobbejaan gee vir haar 'n "sagte antwoord" as sy met hom raas – **konnotatief** verwys dit na die feit dat sy reaksie teenoor haar nie ook met kwade gevoelens is nie. **Denotatief** dui dit daarop dat hy werklik sag praat. ("Skoonma" moet onmiddellik aandag trek aangesien mense stereotiperend na 'n skoonma as "kwaai"/"moeilik" verwys.) **Leeu** lyk belangstellend (**groot oë**) en lyk asof hy instem dat dit die beste optrede is. Daarom glo Leeu dat Bobbejaan se "sagte antwoord" die situasie sou ontloft en dat hierdie reaksie sy skoonma sou laat **"afkoel"** m.a.w. dat sy nie meer kwaad is/ raas nie. **"Afkoel"** kan ook 'n **denotatiewe** betekenis hê, m.a.w. nie "warm" nie. Die woord **"nè"** dui 'n **gevoel van vanselfsprekendheid aan**. Die **vraagteken** versterk die gevoel deurdat dit 'n **retoriese vraag** is en daar nie werklik 'n antwoord verwag word nie.
- Raampie 2:** Bobbejaan se **reaksie** is duidelik sigbaar bv. **"mond is wawyd oop"** met die uitspraak van die **ontkennende woord "NEE"**. **Die gevoelswoord "HENG"** laat Bobbejaan se emosie sterk oorkom. " **Dan**" – dui die skoonma se reaksie aan en die teenoorgestelde gebeur as wat verwag is (ironie)nl. **skoonma raak éérs kwaad. Die akuuttekens en uitroepteken dui emosie van Bobbejaan aan sowel as Skoonma se woede.** **Leeu** is verder belangstellend (sy houding en oë) en deur die gebruik van woordgebruik **"ag nee"** ('n uitroep wat simpatie aandui). Die vraagteken dui op Leeu se teleurstelling. Leeu het met Bobbejaan saamgestem dat Bobbejaan se optrede goed was.
- Raampie 3:** Bobbejaan sê met groot bravade en halfspottend (kyk na sy **houding** en **lagmond**) die werklike rede waarom hy 'n **"sagte antwoord" gee**. Hy het aspris **sag gepraat** omdat hy weet sy is half doof. Die **verhouding** van **Bobbejaan** en **Skoonma** blyk nou duidelik –Skoonma toon 'n magposisie om met Bobbejaan te raas en dan kry Bobbejaan haar terug deur te fokus op haar "gebrek" nl. dat sy nie goed kan hoor nie. Die beletselteken word gebruik om spanning te skep. **Leeu** se gesigsuitdrukking en houding verander drasties in raampie 3. Hy kyk vorentoe (kyk weg van Bobbejaan af) en dit is duidelik dat hy verbaas/verras is. Dit is duidelik dat Leeu nou nie meer met Bobbejaan saamstem nie.

Hieronder is vrae wat moontlik oor bogenoemde strokie gestel kan word. Kyk of jy dit kan beantwoord.

- 1.1 In Raampie 1 klink dit of Bobbejaan 'n baie liefdevolle en respektvolle verhouding met sy skoonma het.
Hoe word hierdie stelling in Raampie 3 verkeerd bewys?
Verwys in jou antwoord na Raampie 1 en 3. (2)
 - 1.2 Wat lei jy af van Leeu se woorde in Raampie 1? (1)
 - 1.3 Waaruit kan jy aflei dat Leeu en Bobbejaan 'n baie goeie verhouding het? (1)
 - 1.4 Hoe verskil Leeu se gesigsuitdrukking in Raampie 1 en 2 van dié in Raampie 3? (2)
 - 1.5 Watter aanduiding is daar in Raampie 3 dat Bobbejaan nog verder wil praat? (1)
 - 1.6 Watter stereotipering oor skoonma's vind ons in die strokie? (1)
- [8]**

Oefening: Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.

TEKS B

Zitts



Vrae:

- 1.7 Hoe ondersteun die spreker se gesigsuitdrukking in Raampie 1 sy woorde? (1)
- 1.8 Die aanspreekvorm in Raampie 1 dui op die verhouding tussen die twee karakters. Motiveer. (2)
- 1.9 Haal 'n woord uit Raampie 1 aan wat die gevoel **van spyt wees** die beste uitdruk? (1)
- 1.10 Jeremy se houding en gesigsuitdrukking in Raampie 2 verskil beduidend van Raampie 1 en 3.
Motiveer hierdie stelling. Wat dink jy is 'n moontlike rede vir dié verandering? (3)
- 1.11 Wat impliseer die spreker met die woorde "Jeremy se pa het 'n koeler foon gekry." ? (1)
- 1.12 Waarom sou 'n mens kan sê dat RAAMPIE 3 op stereotipering dui? (1)

[9]

SESSIE 2: Opstelvraag oor die gedig 27 April 1994**Aktiwiteit 1**

- a. **Woordkennis:** Onderstreep die moeilike / onbekende woorde
 b. Voltooi nou die onderstaande tabel.



WOORD/ E	BETEKENIS VAN DIE WOORD BINNE KONTEKS VAN DIE GEDIG
27 april 1994	
vou	
knyp	
gleuf	
nuutgebore stem	
smag	
sweef	
geruislose	
skanse	
vervreemding	
vergetenes	
langverlorenes	
vlees	
ganse	
uithoek	
Genesis	

Aktiwiteit 2

- a. Kom ons **lees** die gedig saam.
 b. Hersien nou die inhoud/ storielyn van die gedig deur elke strofe op te som. (10 minute)



Strofes	Opsomming
Strofe 1	
Strofe 2	
Strofe 3	
Strofe 4	
Strofe 5	

Aktiwiteit 3

Kort **quizz** oor beeldspraak.

<https://bit.ly/versteg>



Aktiwiteit 4: Literêre opstel

In hierdie gedig beskryf die spreker sy gevoel deur beeldspraak, halfrym en retoriese middele te gebruik. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 – 300 woorde.

Wenke vir die skryf van die opstelvraag by gedigte:**Stap 1:**

- **Ontleed** die vraag om te bepaal waarom jy moet skryf. (Met ander woorde dui aan of onderstreep die kerngedeeltes van die vraag.)
- Gebruik 'n **glimpen of potlood** om die kernwoorde aan te dui:

In hierdie gedig beskryf die spreker sy **gevoel** deur **beeldspraak** en **retoriese middele** te gebruik. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 – 300 woorde.

Stap 2:

- Wat is die beeldspraak? (vergelyking, metafoor en personifikasie)
Beeldspraak - Taaluiting wat van figuurlike taal gebruik maak, bv. **vergelykings, metafore, personifikasie**.
- **Vergelyking** – Twee sake word met mekaar vergelyk. Die sleutelwoorde is: **soos/net soos/nas** bv. Hy huil soos 'n baba.
- **Metafoor** - Een saak word gelykgestel aan 'n ander saak. Die sleutelwoord is: **is** of die woord **is**, kan geïmpliseer word, bv. *My meisie se soene is kondensmelk.*
Jou jakkals.
- **Personifikasie**- Menslike eienskappe word aan leweloze dinge, diere of plante gegee, bv. *Die wind huil om die hoeke van die huis.*
- **Halfrym** is alliterasie en assonansie. Alliterasie is die herhaling van dieselfde konsonant bv. Vreeslik, vinnig en assonansie is die herhaling van dieselfde vokale bv. Skaap, gaap.
- **Retoriese middele** verwys na retoriese vrae en die **herhaling van klanke, woorde, versreëls of strofes**.

Stap 3:

- Onderstreep en haal voorbeelde van **beeldspraak, halfrym en retoriese middele** uit die gedig.

27 april 1994 -Vincent Oliphant

1. uiteindelik **vou ek die verlede toe**
2. knyp **sy vlerk** tussen duim en vinger vas
3. tot hy veilig **deur 'n gleuf** in die geskiedenis **glip**
4. en anderkant
5. wonderbaarlik
6. vry
7. die duif van vrede sy blou vlerke sprei

8. sodat my nuutgebore stem na woorde smag
9. om 'n lied vir my land
10. **soos 'n vlag aan die tong** te laat sweef
11. bo die geruislose **val van skanse van die vel**

12. sodat ek vry uit die vervreemding tree
13. om in die oë van vergetenis en langverlorenes
14. uiteindelik myself te kan sien
15. **soos iemand wat ek nooit geken het nie**

16. om aan hulle die hand te gee
17. en te voel **hoe vlees en vlees ontmoet**

18. want een lyn van bloed **loop** deur die eeu
19. **loop** deur die ganse geskiedenis
20. **loop** deur elke uithoek van die land
21. **loop** deur my en **loop** deur jou
22. van **Genesis** tot nou.

[Uit: Die sagte vlees, uitgegee deur Tafelberg, 1998]

Stap 4: Hoe moet jy die antwoord formuleer?

- Skryf eers 'n **inleidende sin**.

Wenk: Gebruik die vraag om jou inleidende sin te formuleer.

Voorbeeld: Die beeldspraak en die retoriese middele in hierdie gedig help om die spreker se gevoelens te beskryf.

- Gebruik die volgende **skryfwyses vir jou inhoudsparagrafe**:
 - A. Die spreker noem reeds in die titel, "27 April 1994" dat hierdie 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis is. Hy voel vry toe hy vir die eerste keer stem.
 - B. In reël 1 sê die spreker metafories "vou ek die verlede toe" wat beteken dat hy die stembrief toevou. Hy ervaar 'n gevoel van tevredenheid omdat hy uiteindelik kon stem.
 - C. Begin met die aanhaling uit die gedig en verduidelik dit. "vou ek die verlede toe", hierdie metafoor wys dat die spreker die stembrief toevou. Hy ervaar 'n gevoel van tevredenheid omdat hy uiteindelik kon stem.

Wenk Leerders moet ten minste een voorbeeld van **elke soort beeldspraak** (wat in die gedig voorkom) en 'n **retoriese middel noem**.

Die **gevoel van die spreker** moet ook telkens genoem word.

- Skryf nou jou **slotsin**.

Wenk: Gebruik die vraag om jou slotsin te formuleer.

Bv. In hierdie opstel het ons die spreker se gevoelens beskryf.

- Skryf nou die finale weergawe van jou opstel neer.



SESSIE 2: Kontekstuele vrae oor *Dienaar van die nagereg*

Aktiwiteit 5



- Woordkennis: Onderstreep die **moeilike / onbekende woorde**.
- Voltooi nou die onderstaande tabel.

WOORD/ E	BETEKENIS VAN DIE WOORD BINNE KONTEKS VAN DIE GEDIG
nagereg	
langarm	
raleigh	
totale aanslag	
links	
beatstap	
knope	
opgaar	
volksnag	
lawenis	
lexingtons	
wayside twak	
apostoliese hawe	
kloekbaai	
kedoes	
husse met lang-lang ore	

Aktiwiteit 6

- Kom ons **lees** die gedig saam.
- Hersien nou die inhoud/ storielyn van die gedig deur elke strofe op te som.

Strofes	Opsomming
Strofe 1	
Strofe 2	
Strofe 3	

Wenke vir die beantwoording van kontekstuele vrae by gedigte:

- Kontekstuele vrae sal nie net jou kennis van die **inhoud** van die gedig assesseer nie, maar ook jou kennis van ander **literêre begrippe** soos o.a. **tema** en **boodskap**, die **digvorm**, die **toon** en **stemming**, ens.
- Jy moet dus die **literêre kenmerk** kan **uitken** en ook die **funksie** daarvan kan aantoon.
- Van die vrae sal ook van jou verwag om jou **eie mening** oor sekere literêre aspekte te gee wat in die gedig voorkom.
- Die **puntetotaal per vraag** sal jou help om te besluit hoeveel inligting jy by jou antwoord moet insluit.

dienaar van die nagereg - Patrick Petersen

1. wanneer ek, pie djy pie, dink aan u pa-pappa-pappie
2. sien ek
3. u langarm in 'n jas reënerige kakie op 'n groen raleigh
4. vir presies wees; 'n teen-koue-kakiekomers dik om u
5. lyf gespan; wasem wat soos spookasem uit u mond hang;
6. op kantoor besig met die administrasie
7. van wit mag; en buite brand die blou lig blouer teen
8. die totale aanslag van links en swartwees; tussen twee tot tien
9. elf tot sewe vyf tot een en tien tot ses.
10. wanneer ek aan u werk dink pappa-piet

11. sien ek
12. 'n hart wat vuiste maak; haat wat opgroei en 'n
13. grootman raak; die maan wat snags u beatstap
14. tel; die wind altyd weer die wind op wolseley
15. wat die dood in sy knope opgaar; blink geelkoperknope –
16. waarin die volksnag lawenis soek; lexingtons
17. en way side twak; die apostoliese hawe – 'n kloekbaai
18. wat haar skuitjies bymekaar hou.

19. en eenkant langs die tafel voor die stoof sit slaap
20. my skaduwee en ek. wag vir die kedoes medi
21. husse met lang-lang ore. wag vir tjoklit en humbugs.
22. wag vir dienaar van die nagereg. wag vir één dag.

[Uit: amandla ngawethu, uitgegee deur Genadendalse Drukkery, 1985]

LEEROOMBLIK

Vraag: Bespreek die retoriese middele wat in die gedig voorkom.

Begin jou **inleidende sin** as volg: Retoriese middele word effektief in die gedig uitgebeeld.

Begin jou **slotsin** as volg: Dit is duidelik dat retoriese middele effektief uitgebeeld word.

Aktiwiteit 7

Identifiseer die onderstaande aspekte in die gedig:



Aspek	Voorbeeld	Verklaring
Titel	dienaar van die nagereg	
progressie in strofe 1		
woordgebruik	langarm (versreël 3)	
alleenplasing		
	"die maan wat snags u beat stap tel" (versreël 13 en 14)	

Aktiwiteit 8: Kontekstuele vrae

Onderstreep die **kernwoorde** in elke vraag en let op die **formulering** van die antwoord.



1. Verklaar die **tweeledige betekenis** van die titel van die gedig. (2)
2. Waarna **verwys** "u langarm" in reël 3. (1)
3. Watter **beeldspraakvorm** word in versreël 5 aangetref? Verduidelik waarom hierdie beeld na jou mening **effektief** is al dan nie. (2)
4. Waarna **verwys** die woorde: tussen twee tot tien, elf tot sewe, vyf tot een en tien tot ses in versreëls 8 en 9? (1)
5. Watter **stemming** heers in strofe 2? Motiveer jou antwoord deur een woord uit strofe 2 **aan te haal**. (2)
6. Benoem die **halfrym** in versreël 14 en verduidelik die **funksie** daarvan. (2)
7. Wat sou jy sê is die **boodskap** van die gedig? (1)
8. Verduidelik die **regressie** wat in strofe 2 voorkom. (2)
9. Wat **beteken** die uitdrukking: "husse met lang-lang ore" in versreël 21? (1)
10. Wat is die **funksie** van die **tipografiese wit** in die slotstrofe? (1)

[15]**Aktiwiteit 9: Hersiening van literêre aspekte:**

<https://bit.ly/verstegwb>



SESSIE 3: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**Inleiding**

Maak seker jy ken die taalstrukture en -konvensies wat elke jaar van jou skoolloopbaan met jou gedoen is. In Vraestel 1 word daar word twee (2) punte in Vraag 3, twee (2) punte in Vraag 4 en tien (10) punte in Vraag 5 (Artikel) oor taalstrukture en -konvensies gevra. Veertien punte (14) word dus vir *Woordeskatontwikkeling en taalgebruik* sowel as vir *Sinstrukture en die organisering van tekste* toegeken.

Hou jou Hersieningsmateriaal-boekie byderhand om die hersieningsaktiwiteite te doen. Op hierdie manier sal jy gou agterkom waar jou leemtes is om jou punte in **Afdeling C Vraag 5** te verbeter.

AKTIWITEIT 1

Lees die onderstaande artikel oor die maatskappy Hip2Bsquare.

TEGNOLOGIE VORDER VINNIG**Cool tegnologie**

IT-miljoenêr en Afrika se eerste ruimtevaarder, Mark Shuttleworth, gebruik sy eie lewensverhaal om jong mense te inspireer. inspireer.

1. Dis cool om 'n tegno-bleeksiel te wees. Vra maar vir Will Smith en Mark Shuttleworth, albei verslaafdes aan nuwe uitvindings.
2. En danksy Afrika se eerste ruimtevaarder en Hip2Bsquare kan jy nou saam jaag op die supersnelweg van die toekoms met 'n reeks hoë-tegnologie-speelgoed wat nuwe wêreld vir jou sal laat oopgaan en jou vriende groen van jaloerie sal maak! Daar is koordlose MP3-spelers om jou gunstelingmusiek af te laai, digitale kameras om die wêreld na jou rekenaar te bring en nog hope ander cool uitvindings vir tieners én volwassenes.
3. Hip2Bsquare gebruik wiskunde en wetenskap om die krag van die toekoms oop te sluit.
4. Onthou, breinkrag is nodig om te dink en wiskunde en wetenskap is nodig om daardie gedagte in 'n radio of kamera te omskep. "Hip2B-square glo enigiemand se drome kan bewaarheid word mits hy of sy energie het en bereid is om vroegtydig in die toekoms te belê," sê Mark Shuttleworth. "Jy kan as jy bereid is om op skool hard te werk en slim besluite oor jou lewe te neem. Hip2Bsquare se boodskap is dat kennis mag is. Begin nou."

VRAE:

- 1.1 Waarom word IT-miljoenêr met 'n **koppelteken** geskryf? (1)
- 1.2 Gee die **funksie** van die twee **kommas** in die eerste sin van die artikel. (1)
- 1.3 Vorm 'n **abstrakte selfstandige naamwoord** van **verslaafdes**. (1)
- 1.4 Verduidelik wat 'n **bleeksiel** is. (1)
- 1.5 Benoem die onderstreepte **taalverskynsel** in paragraaf 2. (1)
- 1.6 Skryf 'n woord uit paragraaf 3 neer wat 'n **diftong** bevat en onderstreep die diftong. (1)
- 1.7 Skryf paragraaf 3 in die **ontkennende vorm** neer. (1)
- 1.8 Benoem die onderstreepte **woordsoort** in paragraaf 4. (1)
- 1.9 Skryf die **meervoudsvorm** van "radio" (paragraaf. 4) neer. (1)
- 1.10 Gebruik die **kern** van "**breinkrag**" (par. 4) as 'n **bepaler** in 'n samestelling. (1)

[10]**AKTIWITEIT 2****Boeke maak wonderwêreld van die verbeelding oop**

- 1 'n Wyse man het lank gelede gesê dat 'n boek vir die brein soos 'n slypsteen vir 'n swaard is. En dit is juis dié wonder van die boek wat op 23 April in meer as 100 lande gefier word, met die tema "Deel 'n storie".
- 2 Volgens navorsing van die 2016-studie Progress in International Reading Literacy kan 78% van Suid-Afrikaanse gr. 4-leerlinge nie met begrip lees of skryf nie.
- 3 Die ATKV voel baie sterk oor die bevordering van lees.
- 4 "En hulle voeg die daad by die woord op 27 April wanneer die ATKV se Vorentoetak in Soweto die hele gemeenskap gaan betrek by voorlesings van boeke vir ouers en kinders," sê Suzie Matlhola, projekorganiseerder: taal by die ATKV. Dié gemeenskapsentrum het 'n mini-biblioteek gekry.
- 5 Die Vriende vir Afrikaans, 'n afdeling van die ATKV, stel die jong klomp van kleins af (5.7) ... boeke bekend deur boektrommels aan minderbevoorregte kleuterskole te skenk.
- 6 Fanie Viljoen, kinder-en jeugboekskrywer, sê: "'n Leesprogram op 'n tablet gaan nie 'n liefde vir lees by jou kind kweek nie. 'n Boek met 'n goeie storie gaan."
- 7 "Ouers moet kinders nuuskierig maak oor die stories in boeke. Gebruik dit om kinders aan die lees te kry."
- 8 Wees saam met die ATKV deel van Wêrelddag vir Boeke. Vir meer inligting oor dit besoek gerus www.atkv.org.za

[Verwerk uit: Beeld, 23 April 2018]

VRAE:

- 2.1 **Vervang** die woord dié in paragraaf 1 met 'n **aanwysende voornaamwoord** (1)
- 2.2 **Benoem** die onderstreepte **bysin** in paragraaf 1. (1)
- 2.3 **Korrigeer** die **spelfout** in paragraaf 1. (1)
- 2.4 **Verklaar** die uitdrukking "**hulle voeg die daad by die woord**" in paragraaf 4. (1)
- 2.5 Waarvoor staan die **afkorting ATKV**? (1)
- 2.6 Brei die **onderwerp** van die onderstreepte sin in paragraaf 4 uit met 'n **byvoeglike bysin**. Skryf die hele sin sowel as die bysin neer. Onderstreep die bysin. (1)
- 2.7 Gee die **voorsetsel** wat in paragraaf 5 ontbreek. (1)
- 2.8 Gebruik die **homoniem** van "boek" in paragraaf 6, wat dikwels in informele taalgebruik voorkom, in 'n **verklarende sin**. **Onderstreep** die woord wat jy gebruik. (1)
- 2.9 Waarna **verwys** die woord "**dit**" in die onderstreepte sin in paragraaf 7? (1)
- 2.10 **Verbeter** die **onderstreepte woordkeusefout** in paragraaf 8. (1)

[10]**AKTIWITEIT 3****AFRIKA SE REUSE**

1. Geen ander boom is so herkenbaar soos die kremetartboom of ondersteboboom nie. Dalk het jy al die kampvuurstories gehoor oor hoe die diere moes help bome plant tydens die Skepping. Volgens dié Afrika-vertelling was die hiëna **lui** en nie te slim nie: hy het die boom onderstebo in die grond gedruk.
2. Die boom is eintlik 'n yslike vetplant. Dit het nie harde hout nie. En as die boom vrek, verbrokkel dit "kreunend" tot 'n klomp gekoekte vesels. Alle bewyse van hoe manjifiek die boom eens was, verdwyn binne 'n paar jaar.
3. Die kremetart wat ons ken – die Afrika-kremetart – kom net in Afrika voor. Die Andansonien-genus het nog agt spesies waarvan die Andansonien kilima ook in Afrika voorkom. Die boom lyk ook soos die Afrika-kremetart en kom op dieselfde plekke voor, maar verskil geneties daarvan. Ses van die spesies kom net in Madagaskar voor en een in Australië.
4. Om die ouderdom van 'n kremetart te skat lei dikwels tot debat-voering, met skattings wat wissel tussen eeue en 'n paar duisend jaar.

[Verwerk uit: Weg, Desember 2016]

VRAE

- 3.1 Gee die **betekenis** van die **voorvoegsel** in die onderstreepte woord in reël 1. (1)
- 3.2 Plaas 'n voorvoegsel wat **baie/in die hoogste graad** beteken by die donkergedrukte woord in paragraaf 1 sodat dit binne konteks pas. (1)
- 3.3 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die **lydende vorm**. (1)
- 3.4 Vervang die emotiewe woord yslike in paragraaf 2 sin 1 met 'n **neutrale** woord. (1)

- 3.5 Deur watter **leestekens** kan die aandagstrepe in paragraaf 3 vervang word?
Noem **twee**. (2)
- 3.6 **Verbind** sin 1 en 2 in paragraaf 2 met die **voegwoord** "aangesien".
Begin jou sin met: Aangesien ... (1)
- 3.7 Is die gebruik van die **aanhalingstekens** in die onderstreepte woord in paragraaf 2 gepas? (1)
- 3.8 Kies die **korrekte** antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
Die onderstreepte sin in paragraaf 3 , is 'n ...
A enkelvoudige sin
B saamgestelde sin
C veelvoudige sin
D neweskikkende sin (1)
- 3.9 Gee **een woord** vir die onderstreepte woorde in paragraaf 4 sodat dit binne konteks pas. (1)
- [10]**

Sterkte!

Onthou: Gebruik **LEEROOMBLIKKE** sodat jy suksesvol kan wees in die
NSS – Eksamen 2026.

